PERSVERKLARING

SENWES SKENK KRIEKETKLERE AAN KINDERS VAN LANDELIKE SKOLE

Senwes het 130 kindergesiggies verhelder deur geskenkpakke gedurende die jaarlikse Spinners-kriekettoernooi aan die spelers te oorhandig. Die wedstryde is op verskeie velde in Klerksdorp gespeel.

Deelnemende spanne het Donderdag, 30 April, by Keurhof Skool gearriveer. Johan Grobler (Korporatiewe Bemarking: Senwes) het die feit dat Senwes Spinners se hooffokus die kinders is en dat hierdie ‘n uitstekende geleentheid is om hard te werk terwyl hulle lekker speel, beklemtoon. Ismail Minty (Algemene Bestuurder van Landelike Ontwikkeling: Noordwes Krieket Assosiasie) het die skaal van die projek aan die kinders, wat almal opgewonde was om deel daarvan te wees, verduidelik.

Nadat Jacques Faul (HUB: Noordwes Krieket Assosiasie), tesame met Johan Grobler en Japie Fransman (Korporatiewe Bemarking: Senwes), die geskenkpakke – bestaande uit ‘n broek, kriekethemp en ‘n baadjie – oorhandig het, het die kinders aandete genuttig en daarna na ‘n krieketpraatjie geluister, ‘n DVD gekyk en gewedywer gedurende ‘n krieketvasvra.

Wedstryde is op Vrydag, 1 Mei, en Saterdag, 2 Mei, gespeel. Die spanne was in twee groepe verdeel: vier skole in Groep A en ses skole in Groep B. Groep A het bestaan uit skole wat vir die tweede jaar aan die projek deelneem, terwyl vanjaar se groentjies in Groep B gegroepeer was.

Laerskool Selamolela en Laerskool Rabana was die topskole in Groep A, terwyl Laerskool Manana en Laerskool Humansvlakte bo-aan Groep B gelê het na afloop van die groepswedstryde op die Saterdag. Manana en Humansvlakte sal op Saterdag, 23 Mei, in ‘n voorskou-wedstryd vir die Senwes Spinners Toernooi-finaal tussen Selamolela en Rabana op Senwes Park in Potchefstroom speel. Die eerste bal sal om 10:00 afgelewer word.

Byskrif: Breë glimlagte was aan die orde van die dag terwyl Senwes aan 130 kinders krieketklere oorhandig het. Agter van links: Japie Fransman, Bazil Clarke (Algemene Bestuurder: Noordwes Krieket Assosiasie), Jacques Faul, Ismail Minty en Johan Grobler. Voor van links: Lucky Montingwe (Laerskool Mponeng) en Sakkie Bester (Laerskool Humansvlakte) spog met hul nuwe klere.

- EINDE -